# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079
E-pos: ontvangs@lydlaer.co.za
admin@lydlaer.co.za

Posbus /P.O Box 5
Lydenburg, 1120


Omsendbrief 16 van 2023

25 Mei 2023

Geagte Ouers

**1. DAGROOSTER: 29 MEI – 02 JUNIE 2023**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | - | Dag 6 |
| Dinsdag | - | Dag 1 |
| Woensdag | - | Dag 2 |
| Donderdag | - | Dag 3 |
| Vrydag | - | Dag 4 |

2. **ATKV REDENAARS**

Baie geluk aan die volgende leerlinge wat Vrydag, 26 Mei, aan die ATKV semi-finaal gaan deelneem by HTS Witbank:
Ane-mé Grobler, J'cen Claassen, Kara Esser, Abigail Brink, Barend Kilian en Danika Kilian.
Ons is voorwaar trots op julle!

3. **GRAAD 2 ENTREPRENEURSDAG**

Dit vind plaas op Vrydag, 26 Mei. Bring al jou sakgeld saam. Daar gaan heerlike eetgoed en speletjies wees. Almal is welkom en kom geniet die dag saam met ons.

4. **TOETSREEKS**

Die toetsreeks vind plaas vanaf 7 – 20 Junie. Die voorlopige rooster is reeds op groepe geplaas.

5. **GRAAD R - 7 - NUWE INSKRYWINGS VIR 2024**

**Graad R - 7 inskrywings vir NUWE LEERLINGE IN 2023 vind plaas op Dinsdag, 13 Junie 2023 vanaf 07:30 tot 11:00 by die hoofhek onder die afdak.**

**Bring asseblief die volgende saam:**

**Afskrifte van beide ouers se ID's**
**Bewys van adres (nie ouer as 3 maande nie)**
**Swart pen om die vorms te voltooi.**
**Kind se geboortesertifikaat**
**Laaste rapport (Graad 2-7)**

Geen kind se plek is verseker nie, die beheerliggaam neem die finale besluit.
**LEERLINGE WAT REEDS IN DIE SKOOL (GRAAD R- 6) IS, SAL OP 'N LATER STADIUM VORMS ONTVANG OM TE HERREGISTREER.**

6. **<u>VADERSDAGVERKOPE-MEDIASENTRUM</u>**

**Die Vadersdaggeskenkies word slegs op bestelling gemaak.** Bestellings sluit Woensdag, 7 Junie. Betaling saam met u bestelling vind by die kassiere plaas. Daar is 4 verskillende geskenke beskikbaar van verskillende pryse: R10, R15, R30 en R100. Die geskenke sal op Donderdag, 15 Junie uitgedeel word.

Laerskoolgroete

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**

